DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Buitengewone Offisiële Koerant
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette Extraordinary
(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

VOL. 220 PRETORIA, 26 MAART 26 MARCH, 1976 3809

No. 42 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Addisionele Begrotingsordonnansie, 1976, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 22ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PR. 4-11(1976/2)

Ordonnansie No. 1 van 1976.
(Toestemming verleen op 12 Maart 1976).
(Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken).

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere bedrag van hoogstens R23 067 040 tot die diens van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1976 eindig.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS AS VOLG:—

Provinsiale Inkomstefonds belas met R21 867 040.

1. Die Provinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby vir alle geldbedrae gedebiteer wat nodig mag wees vir die diens van die Provinsie gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1976 eindig, tot 'n bedrag van altesaam hoogstens een-en-twintig miljoen agthonderd sewe-en-sestig duisend en veertig rand bo en behalwe die bedrae waarvoor by die Begrotingsordonnansie, 1975 (Ordonnansie 11 van 1975) voorsiening gemaak is;

Ter bestryding van normale of terugkerende uitgawe	R 9 540 040
Ter bestryding van kapitaal- of nie-terugkerende uitgawe	R12 327 000

Hoe geld aangewend moet word.

2. Die geld by artikel 1 toegestaan word aangewend vir die dienste soos uiteengesit in die Eerste Bylae by hierdie Ordonnansie en wat uitvoeriger omskryf word in die Begroting van Addisionele Uitgawe vir genoemde jaar soos

No. 42 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Additional Appropriation Ordinance, 1976, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 22nd day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PR. 4-11(1976/2)

Ordinance No. 1 of 1976.
(Assented to on 12th March, 1976).
(Afrikaans copy signed by the State President).

AN ORDINANCE

To apply a further sum not exceeding R23 067 040 towards the service of the Province of Transvaal during the year ending on the 31st day of March, 1976.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Provincial Revenue Fund charged with R21 867 040.

1. The Provincial Revenue Fund of Transvaal is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Province during the year ending on the 31st day of March, 1976 not exceeding in the aggregate the sum of twenty-one million einght-hundred and sixty-seven thousand and forty rand in addition to the sums provided for by the Appropriation Ordinance, 1975 (Ordinance 11 of 1975);

To defray normal or recurrent expenditure	R 9 540 040
To defray capital or non-recurrent expenditure	R12 327 000

How money is to be applied.

2. The money appropriated by section 1 shall be applied to the service as detailed in the First Schedule to this Ordinance and more particularly specified in the Estimates of Additional Ex-

deur die Provinsiale Raad goedgekeur en vir geen ander doel nie.

Administrateur kan magtiging tot veranderings verleen.

3. Met die goedkeuring van die Administrateur, handelende met die toestemming van die Uitvoerende Komitee, kan 'n besparing op enige subhoof van 'n begrotingspos beskikbaar gestel word vir 'n oorskryding van uitgawe op enige ander subhoof of uitgawe op 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die bedrae wat voorkom in kolom 2 van die Bylaes by hierdie Ordonnansie nie oorskry mag word nie en dat besparings daarop vir geen ander doel aangewend mag word as dié waarvoor die geld hierby toegeken word nie.

Fonds vir Groot Paduitrusting belas met R1 200 000.

4. Die Fonds vir Groot Paduitrusting, gestig ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op Groot Paduitrusting, 1960 (Ordonnansie 10 van 1960), word hierby belas met alle geldbedrae wat nodig mag wees vir die aankoop van Groot Paduitrusting gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1976 eindig, tot 'n bedrag van eenmiljoen twee-honderd duisend rand bo en behalwe die bedrag waarvoor by die Begrotingsordonnansie 1975, (Ordonnansie 11 van 1975) voorsiening gemaak is, soos uiteengesit in kolom 1 van die Tweede Bylae by hierdie Ordonnansie.

Kort titel.

5. Hierdie Ordonnansie heet die Addisionele Begrotingsordonnansie, 1976.

EERSTE BYLAE.

No. van Begrotingspos.	Diens	Kolom 1	Kolom 2
		R	R
1	Algemene Administrasie	2 062 700	
	Met inbegrip van:— Toelae vir — Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste		21 086
2	Onderwys	1 599 000	
	Met inbegrip van:— Toelae vir — Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie		1 100
3	Werke	400 000	
	Met inbegrip van:— Toelae vir — Suid-Afrikaanse Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing		2 100
4	Hospitaal- en Gesondheidsdienste: Administrasie	394 000	
	Met inbegrip van:— Toelae vir — Tandheelkundige Kliniéke Sentraal-Oosrand en Johannesburg		17 000
5	Provinsiale Hospitale en Inrigtings	4 536 440	
6	Paaie en Brûe .... Met inbegrip van:— Ex gratia betalings — Munisipaliteit Potchefstroom	10 600	10 600

penditure for the said year, as approved by the Provincial Council and to no other purpose.

Administrator may authorize variations.

3. With the approval of the Administrator, acting with the consent of the Executive Committee, a saving on any subhead of a vote may be made available to meet excess expenditure on any other subhead or expenditure on a new subhead of the same vote: Provided that no excess shall be incurred on the sums appearing in column 2 of the Schedules to this Ordinance nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money is hereby granted.

Major Road Plant charged with R1 200 000.

4. The Major Road Plant Fund established in terms of section 2 of the Major Road Plant Ordinance, 1960 (Ordinance 10 of 1960) is hereby charged with such sums of money as may be required for the purchase of major road plant during the year ending on the 31st day of March, 1976, not exceeding in the aggregate the sum of one million two hundred thousand rand in addition to the sum provided for by the Appropriation Ordinance, 1975 (Ordinance 11 of 1975), as shown in column 1 of the Second Schedule to this Ordinance.

Short title.

5. This Ordinance shall be called the Additional Appropriation Ordinance, 1976.

FIRST SCHEDULE.

No. of Vote	Service	Column 1	Column 2
		R	R
1	General Administration	2 062 700	
	Including:— Grants for — Performing Arts Council, Transvaal		21 086
2	Education	1 599 000	
	Including:— Grants for — Foundation for Education, Science and Technology		1 100
3	Works	400 000	
	Including:— Grants for — South African Council for Scientific and Industrial Research		2 100
4	Hospital and Health Services: Administration	394 000	
	Including:— Grants for — Dental Clinics — Central East Rand and Johannesburg		17 000
5	Provincial Hospitals and Institutions	4 536 440	
6	Roads and Bridges	10 600	
	Including:— Ex gratia payments — Potchefstroom Municipality		10 600

EERSTE BYLAAG (Vervolg)

No. van Begrotingspos	Diens	Kolom 1	Kolom 2
		R	R
7	Rente en Delging	144 000	
8	Biblioteek- en Museumdiens	8 300	
10	Plaaslike Bestuur	385 000	
	Met inbegrip van:— Toelae vir — Munisipaliteit Boksburg — Ontwikkeling van die Cinderelladam		28 900
	Kapitaaluitgawe —		
11	Werke	12 327 000	
		R21 867 040	

TWEEDE BYLAE.

(ten laste van die Fonds vir Groot Paduitrusting)

Diens	Kolom 1	Kolom 2
Aankoop van Groot Paduitrusting	R1 200 000	

No. 43 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Gedeeltelike Begrotingsordonnansie, 1976, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 22ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PR. 4-11(1976/3)

Ordonnansie No. 2 van 1976.
(Toestemming verleen op 12 Maart 1976).
(Engelse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken).

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n bedrag van hoogstens R315 500 000 op rekening van die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1977.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

R312 000 000 kan uit die Provinsiale Inkomstefonds uitgegee word.

1. Op en na die eerste dag van April 1976 kan uit die Provinsiale Inkomstefonds sodanige bedrae uitgegee word, wat altesaam hoogstens driehonderd-en-twaalf miljoen rand bedra, as wat van tyd tot tyd nodig mag word vir die diens van die Provinsie vir die jaar wat eindig op die

FIRST SCHEDULE (Continued)

No. of Vote	Service	Column 1	Column 2
		R	R
7	Interest and Redemption	144 000	
8	Library and Museum Service	8 300	
10	Local Government	385 000	
	Including:— Grants for — Boksburg Municipality — Development of Cinderella dam		28 900
	Capital Expenditure —		
11	Works	12 327 000	
		R21 867 040	

SECOND SCHEDULE.

(chargeable to Major Road Plant Fund)

Service	Column 1	Column 2
Purchase of Major Road Plant	R1 200 000	

No. 43 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Part Appropriation Ordinance, 1976, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 22nd day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PR. 4-11(1976/3)

Ordinance No. 2 of 1976.
(Assented to on 12th March, 1976).
(English copy signed by the State President).

AN ORDINANCE

To apply a sum not exceeding R315 500 000 on account for the service of the Province of Transvaal during the year ending on the 31st day of March, 1977.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

R312 000 000 may be issued from the Provincial Revenue Fund.

1. On and after the 1st day of April, 1976 there may be issued from the Provincial Revenue Fund such sums of money not exceeding in the aggregate the sum of three hundred and twelve million rand, as may from time to time be required for the service of the Province in respect of the year ending on the 31st day of March,

31ste dag van Maart 1977 tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Begrotingsordonnansie.

Fonds vir Groot Paduitrusting belas met som van hoogstens R3 500 000.

2. Die Fonds vir Groot Paduitrusting, gestig ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op Groot Paduitrusting, 1960 (Ordonnansie 10 van 1960), word hierby belas met sodanige bedrae geld as wat nodig mag wees vir die aankoop van groot paduitrusting gedurende die jaar eindigende die 31ste dag van Maart 1977 maar wat altesame hoogstens drie miljoen vyfhonderd duisend rand bedra, tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Begrotingsordonnansie.

Uitgifte kragtens artikels 1 en 2 beskou te word as voorlopige voorskotte.

3. Alle bedrae wat kragtens die bepalings van artikels 1 en 2 van hierdie Ordonnansie uitgegee word, word beskou as voorskotte op rekening van toekennings gedoen te word in 'n Begrotingsordonnansie vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1977 en dadelik by die inwerkingtreding van sodanige Begrotingsordonnansie, hou vermelde bepalings op om van krag te wees, en uitgifte wat reeds kragtens hierdie bepalings geskied het, word dan beskou as uitgifte kragtens daardie Begrotingsordonnansie en moet verantwoord word ooreenkomstig die bepaling daarvan: Met dien verstande dat geen dienste ten aansien waarvan die uitgawe nie behoorlik kragtens 'n Begrotingsordonnansie gedurende die boekjaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1976 gemagtig is nie, of waartoe daar geen wetlike magtiging bestaan nie, beskou moet word as gemagtig kragtens hierdie Ordonnansie nie.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Gedeeltelike Begrotingsordonnansie, 1976.

No. 44 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Ordonnansie op Finansiële Reëlings, 1976, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 22ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PR. 4-11(1976/4)

Ordonnansie No. 3 van 1976.
(Toestemming verleen op 12 Maart 1976).
(Engelse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken).

'N ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die oordrag van sekere Inkomste van die Provinsie na die Kapitaalrekening.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG: —

Woordomskrywing.

1. In hierdie Ordonnansie beteken —

"Inkomsterekening van die Provinsie"

1977 until such time as provision is made therefor by the Council in an Appropriation Ordinance.

Major Road Plant Fund charged with sum not exceeding R3 500 000.

2. The Major Road Plant Fund established in terms of section 2 of the Major Road Plant Ordinance, 1960 (Ordinance 10 of 1960), is hereby charged with such sums of money as may be required for the purchase of major road plant during the year ending on the 31st day of March, 1977, not exceeding in the aggregate the sum of three million five hundred thousand rand until such time as provision is made therefor by the Council in an Appropriation Ordinance.

Issues under sections 1 and 2 to be deemed advances in anticipation.

3. All sums issued under the provisions of sections 1 and 2 of this Ordinance, shall be deemed to be advances on account of grants to be made in an Appropriation Ordinance for the year ending on the 31st day of March, 1977, and immediately on the commencement of such Appropriation Ordinance, the said provisions shall cease to have effect, and issues already made thereunder shall be deemed to be issues under that Appropriation Ordinance and shall be accounted for in accordance with the provisions thereof: Provided that no services upon which expenditure has not been duly authorized under an Appropriation Ordinance during the financial year ending on the 31st day of March, 1976 or for which there is no statutory authority shall be deemed to be authorized under this Ordinance.

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Part Appropriation Ordinance, 1976.

No. 44 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Financial Adjustments Ordinance, 1976, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 22nd day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PR. 4-11(1976/4)

Ordinance No. 3 of 1976.
(Assented to on 12th March, 1976).
(English copy signed by the State President).

AN ORDINANCE

To provide for the transfer of certain revenues of the Province to the Capital Account.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows: —

Definitions.

1. In this Ordinance —

"Revenue Account of the Province"

daardie gedeelte van die Provinsiale Inkomstefonds, gestig ingevolge artikel 88 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), waaruit normale of terugkerende uitgawes, soos beoog in artikel 2(a) van die Wet op Provinsiale Finansies en Oudit, 1972 (Wet 18 van 1972), bestry word; en

"Kapitaalrekening van die Provinsie"

daardie gedeelte van die Provinsiale Inkomstefonds, gestig ingevolge artikel 88 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), waaruit kapitaal- of nieterugkerende uitgawes, soos beoog in artikel 2(b) van die Wet op Provinsiale Finansies en Oudit, 1972 (Wet 18 van 1972), bestry word.

Oordrag van sekere inkomste na die Kapitaalrekening van die Provinsie.

2. Voor of op die 31ste dag van Maart 1976, word daar van die Inkomsterekening van die Provinsie na die Kapitaalrekening van die Provinsie die bedrag van twaalf miljoen driehonderd en sewentig duisend rand oorgedra.

Kort titel.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Finansiële Reëlings, 1976.

No. 45 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Wysigingsordonnansie op Pensioene vir Lede van die Provinsiale Raad en die Uitvoerende Komitee, 1976, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 22ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PR. 4-11(1976/1)

Ordonnansie No. 4 van 1976.
(Toestemming verleen op 12 Maart 1976).
(Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken).

'N ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Pensioene vir Lede van die Provinsiale Raad en die Uitvoerende Komitee, 1973, om die datum te bepaal met ingang waarvan 'n pensioen aan 'n kind van 'n afgestorwe lid betaalbaar is.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG: —

Vervanging van artikel 9 van Ordonnansie 20 van 1973.

1. Artikel 9 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Datum wanneer 'n pensioen betaalbaar is.

9. 'n Pensioen ingevolge hierdie Ordonnansie is betaalbaar —

(a) in die geval van 'n lid, met ingang van die dag wat volg op die dag

means that portion of the Provincial Revenue Fund established under section 88 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), from which normal or recurrent expenditure, as contemplated in section 2(a) of the Provincial Finance and Audit Act, 1972 (Act 18 of 1972), is defrayed and

"Capital Account of the Province"

means that portion of the Provincial Revenue Fund established under section 88 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), from which capital or non-recurrent expenditure, as contemplated in section 2(b) of the Provincial Finance and Audit Act, 1972 (Act 18 of 1972), is defrayed.

Transfer of certain revenue to the Capital Account of the Province.

2. On or before the 31st day of March, 1976 there shall be transferred from the Revenue Account of the Province to the Capital Account of the Province the sum of twelve million three hundred and seventy thousand rand.

Short title.

3. This Ordinance shall be called the Financial Adjustments Ordinance, 1976.

No. 45 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Provincial Council and Executive Committee Members' Pensions Amendment Ordinance, 1976, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 22nd day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PR. 4-11(1976/1)

Ordinance No. 4 of 1976.
(Assented to on 12th March, 1976).
(Afrikaans copy signed by the State President).

AN ORDINANCE

To amend the Provincial Council and Executive Committee Members' Pensions Ordinance, 1973, by providing for the date with effect from which a pension shall be payable to a child of a deceased member.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows: —

Substitution of section 9 of Ordinance 20 of 1973.

1. The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Ordinance:

"Date from which a pension is payable.

9. A pension in terms of this Ordinance shall be payable —

(a) in the case of a member, with effect from the day following the day on

waarop sy diens as 'n lid ten einde geloop het;

(b) in die geval van die weduwee van 'n afgestorwe lid, met ingang van die dag wat volg op die dag van bedoelde lid se dood; of

(c) in die geval van 'n kind van 'n afgestorwe lid —

(i) indien sodanige lid nie 'n weduwee nalaat nie, van die dag wat volg op die dag van sy dood; of

(ii) indien sodanige lid 'n weduwee nalaat, van die dag wat volg op die dag van haar dood.".

Kort titel en inwerkingtreding.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Pensioene vir Lede van die Provinsiale Raad en die Uitvoerende Komitee, 1976, en word geag op 2 April 1975 in werking te getree het.

which his service as a member terminated;

(b) in the case of the widow of a deceased member, with effect from the day following the day of the death of such member; or

(c) in the case of a child of a deceased member —

(i) if such member does not leave a widow, from the day following the day of his death; or

(ii) if such member leaves a widow, from the day following the day of her death.".

Short title and commencement.

2. This Ordinance shall be called the Provincial Council and Executive Committee Members' Pensions Amendment Ordinance, 1976, and shall be deemed to have come into operation on 2 April, 1975.

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta., deur Hoofstadpers Beperk, Posbus 422, Pretoria.

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta., by Hoofstadpers Beperk, P.O. Box 422, Pretoria.